# *Nuwe Bediening (William Branham)*

. . .te veel, Broer David. Dis goed. Dankie. [Gemeente sing *Veels Geluk*, en 'n broer gee vir Broer Branham 'n geskenk—Red.]

Dankie.

[Daar word 'n prent vir Broer Branham gegee met die naam van: *Die Nuwe Hoof Van Christus*—Red.] Baie dankie. Dankie. Dankie.

2 Baie dankie en die Here seën julle. Baie dankie. Hy is my Here, my Verlosser, en mag, as ek leef om nog 'n verjaarsdag te sien, of soveel verjaarsdae as wat ek het in die—die volgende jare van my lewe, wil ek elke minuut van my tyd in diens van Hom plaas. Amen. (Dit sal goed wees, dankie.)

3 Julle mag maar sit. Baie dankie. Dankie vir die klein verjaarsdag, *Veels Geluk Omdat Jy Verjaar*. Ek is so bly om hierdie prent te ontvang. En vandag, was my goeie vriend, Kapelaan Stadsklev en sy familie in my kamer en het vir my 'n paar mooi goed gegee. En my seun, seuntjie, Joseph, het vir my die das gegee, en my dogtertjies, die dasspeld. En my vrou het 'n ooreenkoms met my aangegaan, sy het gesê sy sal vir my 'n haarstuk koop as ek dit sou dra. So, ek—ek het gedink miskien sou dit. . .Ek het vir haar gesê: "Koop jy dit en kyk of ek dit sal dra of nie." So, dit was 'n wonderlike dag sover. Natuurlik, almal weet dat ek nou net oor vyf-en-twintig is. Ek is gebore in 1909, so enigiemand kan uitwerk, weet dat ek oor vyf-en-twintig is.

4 Wel, dit was alles wonderlik, veral hierdie dertig jaar wat ek my Here gedien het. As daar enige berou is wat ek het oor die verlede, en die jare wat verby is, is omdat ek nie die ander twintig spandeer het om Hom te dien nie. Ek is so bly om hierdie jare 'n Christen te wees. En ek vertrou God om my te help soos ek deur die lewensbane reis, dat God my sal lei deur Sy Gees, en my iets laat doen om my waardering te wys vir die doel waarvoor ek op die aarde gebore is.

5 Vanmôre, voor ek opgestaan het, het ek met my vrou gepraat, en ek het gesê: "Skat, lyk nie moontlik dat ek so oud kan wees nie." En toe het ek gesê: "Dit lyk net asof die jare so vinnig verbygegaan het, maar," het ek gesê: "ek is gebore in hierdie wêreld vir 'n doel, en ek glo dis om die Here te dien." En dis my hartsbegeerte.

6 Wat ek van julle sou vra, sou ’n gebed vir my wees voor julle vanaand gaan lê, dat God my nederig sal hou in my hart, en my sal help en seën, sodat ek ’n seën vir julle mense kon wees. Ek het uitgevind dat die grootste seën in die lewe is om iets uit te gee, nie te ontvang nie, maar uit te gee, wat jy vir ander doen, wat soveel beteken. Ek was . . .

7 Vanaand is die begin om vir die siekes te bid. Broer du Plessis het ons pas ’n wonderlike boodskap gegee, was net agter die platvorm, agter die verhoog daar, en geluister, en ek waardeer beslis daardie boodskap: *Verheerliking Van Jesus Christus*.

8 En vanaand, wil ek die nuwe fase van my bediening hier begin van bid vir die siekes. Baie van julle was, miskien, van die begin af hier gewees in my dienste, en julle weet wat gesê is aan die begin, hoedat ek sou neem en hande op die mense lê, en ek sou weet wat hulle probleem was. En toe het Hy vir my gesê as ek nederig en opreg sou wees dat dit sou gebeur, dat “jy die einste verborgenheid van hulle hart sou ken.” Dit het gebeur, dit was oor die wêreld.

9 Die Engel van die Here het foto na foto Daarvan geneem gehad. Ons het die foto’s geneem, ondersoek deur die—deur die beste vingerafdruk, ensovoorts, in die wêreld, waarvan ons weet, te kyk of daar ’n opknapping sou wees, of iets verkeerd, of ’n dubbel-beligte foto, Dit het altyd bewys om daar te wees, dit het jare gelede begin. Dit beteken nie dat my bediening, omdat dit ’n bietjie eienaardig is, ’n bietjie vreemd vir wat die gemiddelde sou wees . . . Ek’s nog altyd julle broer in die diens van Christus, almal van julle. En ek is bly omdat Hy my Hom laat dien. Miskien omdat ek geen geleerdheid het om enigiets te beteken nie, dis waarom Hy my hierdie gawes gegee het dat ek vir Hom kon werk.

10 Omtrent vier jaar gelede, was ek hier in Kalifornië, net voor ek hiernatoe gekom het, het ek ’n diens in Phoenix gehad. En daar, baie mense het gekla in my dienste dat daar is . . . gesê: “Wel, Broer Oral Roberts sal bid vir—bid vir vyftig mense, terwyl jy vir vyf bid.”

11 Ek het gesê: “Dit is waar. Broer Oral Roberts het ’n opdrag van die Here, en hy bid vir die mense op die manier wat God hom sê om dit te doen; ek moet dieselfde doen.”

12 En toe het ek dit opgeneem in gebed, en ek het ’n hele rukkie daaroor gebid, het die heeltyd gekla daar was nie genoeg wat by die platvorm kom nie. Wel, eintlik, in een sin van die woord, is dit reg.

13 Nou, in . . . die Amerikaanse mense is ’n Joodse gebruik van handoplegging geleer, dis nie ’n Heidense gebruik nie: die Jode. Onthou, Jaïrus het gesê: “Kom, lê U hande op my dogter en sy sal lewe.” Maar die Heiden het gesê: “Ek is nie waardig dat U onder my dak kom nie; spreek net die Woord en my dienskneg sal lewe.” Dis die verskil.

14 Die bediening was nie, my bediening, om hande op die siekes te lê nie, dit was om te maak, deur ’n Goddelike gawe, om Teenwoordigheid te bring, die Here Jesus Christus in die Teenwoordigheid deur ’n onderskeiding van gees, wat in die Bybel genoem word: “’n gawe van kennis,” en deur dit te doen, maak Hom gemanifesteer voor die mense, en dan ontvang hulle Hom as hulle Geneser, dit handel dit af.

15 Ek het nie tydskrifte om te berig en die groot getuienisse van die mense te vertel nie, maar julle sal verbaas wees wat gebeur na een van die dienste, duisende. Ons kon genoeg getuienisse van Jamaika gebring het ’n paar weke gelede, Broer Arganbright, ek. . . Hy mag hier wees, ek dink hy kom die heeltyd hier, en Suster Arganbright, en die Christen Sakemanne, as ons daardie blindes, dowes, stommes, rolstoele sou getel het, kreupels, krommes, kon ons tydskrifte vul vir weke en weke om te kom. Maar ek sê altyd vir die mense: “Moet niks daarvan sê nie, gaan sê net vir iemand die Here was goed vir jou.” Hou dit terug.

16 Ek hou nie daarvan dat iemand sê: “Broer Branham doen *dit* en *dat* nie.” Ek het niks daarmee te doen gehad van die begin af nie. En as ek nie eers aan ’n persoon raak nie, dan weet julle sekerlik ek het niks daarmee te doen nie, Dis die Here wat dit doen.

17 Maar, ek het die Here gevra in my Amerikaanse dienste, om my te laat bid vir meer mense, want julle is my vriende, julle is die gekooptes van die Bloed van Christus, ek wil alles doen wat ek kan om julle te help.

18 En ek luister na Broer Oral Roberts wat sê: “Raak aan iets vir ’n kontakpunt.”

19 Wel, toe het ek begin dink: “Wat as ek daarbuite gesit en my babatjie gehad het, en dit was siek, of iets, en ek het daardie Gees sien werk op ’n persoon, miskien mag dit my geloof wees vir daardie persoon om hande op my te lê, daardie persoon om dit te doen.” Wel, ek het gebid. . .

20 En Broer Lindsay, baie van die mans, het altyd vir my gesê: “Waarom het jy nie net die onderskeiding vir twee of drie, dan aangaan, ’n hele gebedsry neem nie.” Ek kon dit nooit doen nie. Elke keer wat ek dit sou begin, net sodra Dit my sou tref, sou ek net. . . Dis waarom ek so swak sou word, dat hulle my van die platvorm af sou lei. Dit was omdat na twee of drie van daardie visioene, ek so uit was, ek—ek kwalik geweet het waar ek was.

21 Ek is seker julle teoloë kan dit verstaan, Skriftuurlik, toe een vroutjie die Here Jesus aangeraak het, en Hy die krag van Hom voel uitgaan het; toe Daniël een visioen gehad en deurmekaar geraak het in sy kop vir baie weke, seker dat ons sou weet wat gebeur.

22 En soos Broer du Plessis ’n rukkie gelede gesê het: “Die enigste rede, glo ek, dat God hierdie laat voortgaan soveel as wat dit nou doen, as gevolg van Sy belofte: ‘Die werke wat Ek doen, die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen; en meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader.’” Dis Sy Goddelike belofte. ’n Visioen genees nooit enigiemand nie, ’n visioen bring net teenwoordigheid van die werklikheid van ’n bonatuurlike Wese, en dan deur dit te doen, bring dit geloof vir die mense.

23 So in Phoenix, Arizona, ’n tyd gelede, was ek buite in die woestyn, ek, Broer Moore, en Broer Brown, en ek het ’n visioen gesien. En die Here Jesus het vir my gesê in hierdie visioen, of, die een wat met my gepraat het, wat ek glo ’n Engel is, en ek was agter een of ander rots, aan die bid, en Hy het gesê: “Wanneer jy dit sien gebeur, dan sal jou bediening verander word.” En ek het gekyk, en daar het ’n vrou oor die platvorm gekom met ’n baie klein babatjie, en dit was sterwend, en die Here het dit genees. En die vrou was lig, ligte gelaatskleur met donker oë, kort hare, skouer lengte, en ’n bruin baadjiepak aan, die baba was toegedraai in ’n kombersie. En gesê: “Jy sal hierdeur weet.” En langs my het ’n kort mannetjie gestaan, bles-kop, en ’n lang, maer man.

24 Vier jaar lank het ek uitgekyk daarvoor. Hoeveel het my ooit daardie stelling hoor maak, dat dit sou gebeur? Steek julle hande op. Wel, kyk net hier, honderde van hulle net hier in die—die tempel vanaand het daardie opmerking gehoor.

25 Vier jaar lank het ek daarvoor gewag. In New England Staat, ’n paar, wel, verlede lente, het daar ’n vrou oor die platvorm gekom wat amper aan die beskrywing voldoen—voldoen het. Broer Goad daar, een van die bandopname kêrels hier saam met my, na die diens, het hy gesê: “Was dit nie die vrou nie?”

26 Ek het gesê. “Nee, Broer Gene, dit was nie die vrou nie. Hierdie vrou moet baie kort wees, en hierdie vrou was lank, en sy het bruin hare gehad, en hierdie vrou gaan swart hare hê. Die baba was nogal ’n groot baba, en hierdie is ’n baie klein outjie. Dit was nie die vrou nie, alhoewel sy die bruin baadjiepak aangehad het, maar dit is nie sy nie.”

27 En baie van julle het gehoor van daardie groot ramp in Chicago, waar dat ek dink die—die, ’n Katolieke skool afgebrand is, en soveel kinders. Die Christen Sakemanne, Volle Evangelie Christen Sakeman, het ’n gedenkdiens gegee by daardie selfde wapenkamer waar die begrafnisse van daardie kinders gepreek is. En ek is gevra om hulle spreker te wees daardie middag en om te bid. Na die diens verby was, het ek vir die mense gebid, en na my kamer toe gegaan, om daardie aand terug te keer om vir die siekes te bid.

28 En Rosella Griffith, een van die verskriklikste alkoholiste wat was, wat Chicago ooit gehad het, is genees in een van my

dienste daarbo. Die Here het vir haar gesê wie sy was en 'n dwelmverkoper. Hoeveel het al ooit gehoor van Rosella Griffith? Wel sekerlik, kyk na die hande oral, sekerlik. Een van die grootste alkoholiste, Alkoholiste Anoniem het haar opgegee.

29 Toe het 'n ander meisie wat Fred Astaire se dansmaat was, 'n dwelmverkoper saam met haar was, en hulle is uitgeroep. En haar pa het opgestaan om beswaar te maak daarteen, sy het gesê: "Net 'n oomblik, Pappa, die man is reg."

30 En so, na die diens verby was, het Rosella 'n dame sien huil, wat deur die gebou gaan met 'n babatjie.

31 Sy het gesê: "Ek het so gehoop dat Broer Branham vir my baba sou kon bid," sy het gesê: "dit kan nie lewe nie. Verskeie beroemde dokters van hierdie stad het my baba opgegee. En ek het gedink, sekerlik, sou hy kom en dit in sy arms neem en vir die baba bid."

"Wel," het sy gesê: "hy sal vanaand vir die siekes bid."

32 Sy het gesê: "Ek kan nie bly nie, skat, want vanaand is ek . . . my man kyk na nog twee kinders, en ek moet teruggaan." Gesê: "My pastoor van die Sweedse Verbondskerk," nou, hulle ken die Woord, hulle is nie baie geestelik nie, maar hulle weet waar hulle staan, en so: "het hy gesê: 'As almal jou baba opgegee het, waarom neem jy dit nie, dat Broer Branham daarvoor bid nie? Ek glo dat God die baba sal genees.'" Dit was nogal goed vir 'n Sweedse Verbond.

33 En hulle het die baba gebring. En so, het die dame gesê: "Wel, ek kan nie bly nie."

34 En een van die groot plekaanwysers het gesê: "Ek sal jou babatjie vashou, dame, as jy jou man wil gaan bel."

35 Sy het die man gebel, en hy het gesê: "Bly maar, Skat, ek sal na die kinders kyk."

36 So gesê: "Nou, die seun sal voor die deur wees," gesê: "jy staan net daar wanneer hy inkom in die aand, en kry 'n gebedskaartjie, dis die enigste ding om te doen." Gesê: "Natuurlik sal jy jou kans moet vat, of jy in die ry geroep word of nie."

37 Wel, Rosella het saam met die dame by die deur gestaan. En die baba kon nie huil nie. Elke stukkie kos wat by sy mond ingegaan het, het reguit daar uitgegaan, en hulle kon nie eens 'n bietjie daarvan inforseer nie. Dit gevoed met are, ensovoorts, en dit was net sterwend, so hulle het dit opgegee, òf vyf òf sewe dokters. En die kêreltjie kon nie langer lewe as nog 'n paar dae nie, kon nie eers meer huil nie.

38 En toe Billy ingekom het, my seun, het Rosella gesê: "Billy, gaan jy kaartjies uitgee?"

Gesê: "Ja."

Sy het gesê: "Wel, gee vir hierdie dame een."

Gesê: "Nie tot ek voor die gehoor opstaan en hulle skommel nie." So, hy het hulle geskommel, een geneem en dit vir—vir die dame gegee, en aangegaan.

39 En daardie aand toe ek inkom, van waar ek geroep het, was daardie vrou omtrent die vierde persoon in die ry. Niemand het nog daarvan geweet nie. En elke keer, wanneer mense kom, en ek sê vir hulle: "Ek het jou nog nooit tevore gesien nie. Het ons?" Vind net uit. Toe ek haar na die platvorm toe sien kom het, was dit vier jaar na die visioen, maar 'n baie aantreklike, klein dametjie, wat die baba dra, en ek het gedink: "Ek, lyk asof ek daardie dame behoort te ken." En soos sy nader aan my geloop het, sy die kleintjie gedra, en ek het gesê: "Aangename kennis?"

En sy het gesê: "Aangename kennis?"

40 Die visioen het gebreek, en ek het gesê: "Jou naam is *So-en-iets*," wat dit ook al was. En gesê: "Jou pastoor het jou aangeraai om die baba te bring, omdat dit sterwend is."

Sy het gesê: "Dit is reg, meneer."

En ek het gesê: "Die baba is ses maande oud en weeg drie pond."

Sy het gesê: "Dis reg."

En ek het gesê: "Wat jy in die baba sit, daarin kan inforseer, dit bly nie in die baba nie, en die dokters kan nie uitvind wat dit is nie."

Sy het gesê: "Dit is reg, meneer."

En ek het die babatjie sien lag, en spring, en speel, 'n klein kindjie, ek het gesê: "SO SPREEK DIE HERE: Die Here het jou baba genees."

41 Sy het begin huil. Ek het gedink: "Daar's iets vreemd aan daardie vrou."

42 En die Heilige Gees het met my gepraat en gesê: "Onthou jy haar nie, die bruin baadjie?" O, daar was dit, die verandering van bediening, net daar.

43 Ek het gesoek na my vrou, ek kon haar nie sien in daardie groot massa mense nie, ek het gesoek na Billy Paul, ek kon hom nie sien nie, Gene, Leo, ek kon niemand sien om—om hulle daarvan te vertel nie. So, toe ek daardie aand uitgegaan het van die diens af, het dit net daar begin, ek kon die visioen hê, net daaroor kom, aangaan, bid vir 'n hele ry mense, dan sou miskien nog een kom, net waarheen die Here blykbaar gelei het, en dit het verander net daar by die platvorm op daardie oomblik.

44 Nou het ek 'n manier, net soos ek het om myself in 'n posisie te plaas om 'n visioen te sien, kan ek reg daaruit trek so maklik as wat ek daarin kan gaan. So nou kan ek net bid vir hele gebedsrye mense en hoef dit nie te hê nie. En dan, as die Here 'n sonde

in 'n lewe sien, of iets, wat gesê moet word, of iemand so swak in geloof, of—of so-iets, dan sal Hy daardie persoon stop en vir hulle *so-en-so* en *so-en-so* sê, reguit aangaan, weer reguit daaruit uitkom, en reguit aangaan, en ek kan net staan, en staan, en staan in 'n gebedsry soos daardie. So, ek dank God daarvoor. En dit het beslis iets gedoen vir my bediening in Amerika. En dan, gaan die visioene net dieselfde voort.

45 Sien julle die soewereiniteit van God, hoedat Hy die versoek van die mense wil antwoord? Soos Broer Oral Roberts dikwels gesê het: "God is 'n goeie God." Dit is waar.

46 Die man mag hier wees. . . Net 'n oomblik, ek neem baie, meer tyd, ek—ek gaan nie preek nie, ek gaan net die gebedsry binne 'n oomblik roep.

47 Ek het 'n paar goeie vriende, baie honderde goeie vriende in Kalifornië. Daar's een ou kêreltjie wat, en sy vrou, 'n besondere vriend van my is, dis Miner Arganbright en sy vrou, hulle is baie liefdevolle mense. Ek het oral rondgekyk om te sien of hy eers hier was voor ek dit gesê het, ek dink nie hy's hier nie, so ek kan dit sê. Sy huis was altyd my huis, net so welkom as wat ek sou wees. En ons was saam oorsee, en in die berge saam, ek het gevind dat hy 'n goeie man is.

48 Gebly by sy huis toe ek hier in Kalifornië was, omtrent 'n paar maande gelede, ek was by die Angelus Tempel daardie aand. En die volgende oggend, dink ek, was ek by Broer Vick se kerk, en het net 'n klein een, springdiensie oor die Weskus hier gehou. En die telefoon sou lui, en natuurlik. . .

49 Hier's wat dit is, vriende: Mense wat bel vir privaat. . . Wel, ons het 'n bepaalde tyd, gewoonlik, in dienste, vir mense wat probleme het wat hulle nie kan oplos nie, hulle kom in, en ons bid, dan wys die Here 'n visioen, hulle sê my nie wat hulle probleem is nie, en die Here openbaar dit, en sê vir hulle, en kry hulle uitgesorteer. Dis waarvoor daardie gawes is. So ons het daardie tyd opsy gesit, gewoonlik in die diens daarvoor, om hierdie dinge te hê.

50 Maar, en hierdie keer het ek net gespring en vinnig gemaak. Ons kan nie uitgaan en privaat oproepe maak nie, want dis nie regverdig, een teenoor die ander nie; en dan kry hulle dit, hulle wil hulle nie na die kerk toe bring nie, ensovoorts, julle weet hoe dit is. En party mense dink goed, omdat ons Pinkster is van geloof, dat dit hulle—hulle aansien sou verlaag om hulle in 'n Pinksterkerk in te bring.

51 As hulle so voel, sal die Here hulle net sê dat wanneer ek daar kom in elk geval. So jy—jy moet jouself verneder en gewillig wees om te kom waar God ook al is en Hom ontmoet. Gaan 'n klomp Pinkstermense in die Hemel vind, so julle beter net nou met hulle begin assosieer.

52 So toe, toe die telefoon gelui het, en dit het gebeur dat Broer Arganbright uit die huis uit was, of, uit die kamer uit, en ek het dit opgetel en dit geantwoord. Dit was die mooiste, stemmetjie wat oor die telefoon gekom en gesê het: "Mnr. Arganbright?"

Ek het gesê: "Hy is nie nou hier nie."

Gesê: "Kan jy vir my sê of Broer Branham hier bly."

Ek het gesê: "Ek's Broer Branham."

Hy het gesê: "Dank God!"

En ek het gedink: "Nou wat is dit?"

53 Hy het gesê: "Broer Branham, ek is," vir my gesê wie hy was, en hy het gesê: "ek het 'n klein seuntjie wat sterwend is, die kanker het hom opgevreet, en hy's net omtrent," ek dink drie maande oud, van vier maande oud af: "het hy nog nooit 'n mondvol kos, of—of melk, of enigiets ingesluk nie, die kanker het hom net opgevreet. Sal jy kom, vir hom bid?"

54 Gesê: "Die Here het met my gepraat net 'n paar dae gelede, toe. . . en gesê: 'Kry vir Broer Branham.'" En gesê: "Ek's," hy's 'n sendeling in Mexiko, maar woon hier by La Crescenta. En hy het gesê: "Die Here het met my gepraat om jou te kry, maar ek het gehoor dat jy gesterf het in Afrika, Suid-Afrika, net onlangs." En gesê: "Ek het gedink hoekom sou die Here vir my sê om jou te kry? terwyl jy weg en dood was." En gesê: "Toe het ek gehoor jy was net hier in La Crescenta." Hy het gesê: "Dit moet die Here wees."

Wel, net toe hy dit gesê het, het die Here met my gepraat en gesê: "Gaan saam met hom."

Ek het gesê: "Net 'n oomblik, ek sal Broer Arganbright bel en uitvind waar hierdie hospitaal is."

55 Los Angeles is so groot, ek—ek moes iemand kry om my hiernatoe te bring van waar ek bly, ek—ek kan net nie my pad hierrond vind nie. En hierdie snelweë, waar daar niks is behalwe die vinniges en die dooies, en hulle wat sterf, vinnig sterf nie, dis so vinnig soos daardie. Ek—ek's net 'n ou, stadige suiderling, en ek—ek kan nie gou genoeg uit die pad uitkom nie. So—so toe, het ek gedink, as dit die gaan wees. . .

['n Broer gee 'n profesie—Red.] Amen. Dank God. "Hoor wat die Gees vir die gemeentes sê." Wees voorbereid.

56 Hierin, met hierdie aanhaling, gaan ek julle die prediker se naam sê, net 'n oomblik. Ons. . . Ek het gegaan, Broer Arganbright het my afgeneem na die hospitaal toe, die kinders se hospitaal hier. Ek het al baie hartseer gesigte gesien, maar ek glo nie ek het al ooit so-iets gesien nie, dit het my *so* getref.

57 Toe ek hom ontmoet het. . . Nou, die man sit dalk nou net hier en luister na my, miskien. En hy het my net 'n rukkie gelede gebel en het my die getuienis vertel. En geen visioen nie, Iets het net

gesê: "Gaan." En toe ek hom ontmoet het, hy was Mexikaans, en sy vrou was 'n klein Sweed, blonde-kop, en pragtige paartjie, en sy het in haar klein stasiewaentjie gesit.

58 En ons het gegaan, ek en hy, na die kinders se hospitaal toe, om—om vir hierdie kleintjie te bid. En toe ons in die hospitaal ingestap het, was daar so 'n hartseer ding, daardie babatjie, dit het kanker in die keel en kake gehad. En die dokters het sy kakebeentjie gesny, al die pad om sy keeltjie, en die groot steke het daarin opgeswel, was net soort van ingeplooi. En dit het daardie duiwel wat kanker genoem word ontstel, tot dit sy klein, babatongetjie uit sy mond laat uitsteek en dit swart gekleur het. En dit kon dit nie kry . . . Dit het sy asem afgesny van sy neus en deur sy mond, om dit te probeer versmoor.

59 En getroue dokters, wat hard gewerk het, het 'n gat *hier* in sy keel gesny en een van daardie klein—klein, ek weet nie wat jy dit noem, hierbinne nie, gelyk soos 'n fluitjie, in sy keel gesit. En sy armpies moes in spalke wees, stutte het *so* uitgeloop. Dit was net omtrent drie maande oud. En sy koppie was agteroor, en daardie klein fluitgeluidjie wanneer daardie dingetjie probeer asemhaal het, en ek het daarna gekyk. En die verpleegster moes die dreinering van daardie kanker opvang, of dit sou daardie gat verstop wanneer dit afgekom het.

60 En daardie ou vadertjie het daar rondgeloop en dit op sy kop geraak, en gesê: "Ricky, Pappa se babatjie, Pappa se klein maatjie, dis Pappa. Ek het vir Broer Branham gebring om vir jou te bid."

61 Drie-maande-oue babatjie, en die trane in sy oë gesien soos hy daardie dingetjie op die kop gestreel het, en dit het sy pappa herken. En dit het net baie hard begin fluit, daardie asem wat so uitgaan, en sy handjies uit.

62 Ek sê jou, vriend, iets het my verlaat, ek—ek het al baie gesigte gesien, maar ek het ook kinders, en 'n kindjie het gely. Ek het omgedraai, hy het dit probeer stilmaak, gesê: "Pappa se seuntjie. Pappa se seuntjie."

63 En ek het omgedraai, en, my kop soos *hierdie*, en ek het gedink: "Here Jesus, ek—ek weet dit kan nie U wil wees vir 'n klein, onskuldige babatjie om so te ly nie, ek kan net nie glo dat dit U wil is nie. En wat sou U doen as U hier gestaan het? Wat sou . . .? Watter gesindheid sou U hê?" Ek hoop dat ek nie 'n fanatikus is, en nie enigiets verkeerd voorstel nie, God weet of ek is of nie.

Iets het vir my gesê, nie 'n Stem nie, maar Iets binne-in my het gesê: "Ek wag om te kyk wat jy sal doen."

64 En ek het omgedraai asof Dit hardop gepraat het, en ek het gedink: "Dis reg. U het U Kerk opdrag gegee om U werk voort te sit." So ek het uitgereik en sy handjie in daardie spalke geneem, sy vingertjies soos *hierdie* vasgehou, ek het gesê: "Hemelse Vader,

hierdie is so treffend, dat ek—ek dit net nie meer kan verduur nie. En hoor my gebed, O God, en met die opdrag van—van God en aan my bedien deur 'n Engel, bestraf ek hierdie duiwel van kanker, wat die dokters so hard beveg om hierdie babatjie se lewe te red. ek plaas tussen hierdie kanker en die babatjie se lewe, die Bloed van Jesus Christus."

65 En ek het net weggeloop. En die vader het hom op die kop gestreel, en uitgestap, en niks meer gesê nie, oor die straat geloop, ek het gesê: "Moet jou nie verder oor daardie kind bekommer nie."

66 Die vader het my vanmiddag gebel, net binne die bestek van 'n paar uur, het die swelsel die baba verlaat, sy tong het teruggegaan in sy mond, normaal, die volgende oggend, het die baba sy eerste hap in sy hele lewe ingesluk. Die baba is nou tuis, heeltemal sterk en gesond van al daardie magte van die duiwel wat dit losgelaat het.

67 Die man se naam is Eerwaarde D, hoofletter D-u-p-o-n-s-t-a. Sy telefoonnommer is C-H, CHurchill 9-2658 by La Crescenta. Die klein Ricky lewe vanaand, nege maande oud, geniet weer goeie, volmaakte gesondheid, want Jesus Christus lewe. Hoe wonderlik, ons Here!

68 Ek glo ek sal hierdie broer môre bel, as dit goed sal wees, en een van hierdie aande hom vir klein Ricky laat bring. Wil julle hom graag sien en hom van dieselfde hoor getuig? As hierdie prediker nou teenwoordig is, die prediker se naam wat ek gelees het, sal jy jou hand opsteek, meneer? Ek nie . . .

69 Die man sit nou hier teenwoordig. Staan op jou voete. Jy het nie Ricky by jou nie, het jy? Jy het nie. Sal jy hom een aand vir ons bring om sy getuienis te gee? Dank die Here daarvoor. Dis goed.

70 Kom ons gee God 'n yslike groot lofprysing, sê: "Prys die Here."

Nou laat ons bid.

71 Here, die Bybel het gesê dat die man teenwoordig gestaan het, so hulle kon nie enigiets daarteen sê nie. Deur die genade van God, het U die lewe van klein Ricky gered, en ons is so bly vanaand om dit te weet. En ons bid, Here, dat deur sy klein getuienis sal veroorsaak dat letterlik honderde mense gered sal word. En ons eis hom, Here, vir die Evangelie as 'n trofee. As daar 'n môre is, en sy dierbare vader het so oud geword dat hy nie meer kan preek nie, laat Ricky die Swaard optel, Here. Mag hy lewe om die dag te sien wanneer sy pappa die Swaard van die Woord sal neem en Dit in Ricky se hand gee, en gee U vir hom die Gees. Mag hy preek die, in groot rykdom van Jesus Christus aan die tydperk waarin hy sal lewe.

72 Skenk vanaand, Here God, dat mense sal weet dat daardie selfde God wat klein Ricky gered het, hier is, en elke lyer in hierdie gebou kan red vanaand. Skenk dit, Here, en laat U groot Naam bekend en groot gemaak word. Deur Jesus Christus, ons Here, vra ons dit. Amen.

73 Ons sal nou vra vir die gebedskaartjies. (A's?) Gebedskaartjie A's, staan in 'n ry aan hierdie kant, vanaf nommer een. Gebedskaartjie A, nommer een, wie het dit? Is jy seker dit was A's? Gebedskaartjie A, nommer een, wie het dit? O, hier. Kom hiernatoe, dame. Nommer twee, nommer drie, nommer vier, nommer vyf, nommer ses, nommer sewe, nommer agt, regdeur, staan agtermekaar een vir een soos julle nommers, en iemand sal soontoe gaan en—en hulle help om die mense agtermekaar te kry. Almal wat gebedskaartjies A het, staan agtermekaar aan hierdie kant. Ons sal bly wees om te bedien.

74 En diegene, party van julle wat nie in die gebedsry kan inkom nie, hou hierdie gebedskaartjies, ek sal vir die plekaanwysers vra om hulle onder na die voorkant toe te bring, sodat ons vir hulle kan bid.

75 Julle almal wat nie gebedskaartjies het nie, en julle is siek en julle wil hê Jesus moet julle genees, steek julle hande op, waar julle ook al in die gebou is.

76 Laat ek, terwyl hulle daardie mense in die ry kry, laat ek julle net iets vra, en luister julle nou baie goed: In die Skrifte, die Boek van Hebreërs, staan daar geskrywe dat Jesus Christus 'n Hoëpriester is (Glo julle. . .?) wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Glo julle dat dit die waarheid is? En ook, dieselfde Boek van Hebreërs 13:8 sê Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Dan as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, is Hy dieselfde Hoëpriester. En as Hy gister aangeraak is, toe Hy hier op aarde was deur die gevoel van die mense se swakhede, en as Hy aan die regterhand van God sit vanaand, 'n Hoëpriester, wat voorspraak maak volgens ons belydenis, en as ons daardie selfde Hoëpriester sou aanraak vanaand, sou Hy optree soos Hy het toe Hy hier op aarde was, sou Hy nie?

77 Daar was 'n vrou in die Bybel, en sy het Jesus leer ken deur te hoor: "Geloof kom deur die gehoor," sy het 'n bloedvloeiing gehad. En so sy, gehoor van Jesus. . .

78 Een oggend, laat ons sê dit was omtrent nege-uur, die see was onstuimig. . .Ek praat net met julle om julle aandag te hou terwyl hulle die mense in die ry kry. En so, dit was 'n onstuimige aand, die bootjie was rondgeslinger met 'n paar vissermannetjies en roeiers wat oor die—die meer gekom het, die Galiléa was stormagtig. En omtrent nege-uur in die oggend, het die wilgers oopgemaak en die bootjie het geland op die—die oewer. En mense

het begin sê: "Hier kom daardie Profeet!" Party sê: "Daardie bedrieër!"

79 Waar Christus is, is daar altyd 'n gemengde menigte; Hy—Hy het twaalf gekies, en een van hulle was Judas. Toe Moses uit Egipte uitgegaan het, het 'n gemengde menigte saam met hom gegaan. Waar die bonatuurlike gedoen word, was daar altyd dié wat vir en teen was.

80 Nou, daarin, 'n vroutjie bo-op die heuwel, miskien het sy al haar lewensmiddele spandeer, om by die dokters 'n geneesmiddel te kry vir 'n bloedvloeïng, sy het dit verskeie jare gehad. En so, het sy by haarself gesê toe sy Hom sien kom het: "Maak nie saak wat die mense sê nie, ek glo dat daardie Man die Seun van God is." En sy het haar pad deur die skare gedruk, en as 'n swak en bloedarmoedige toestand, verswakkend, het sy uiteindelik gekom tot waar Hy was, en sy moes miskien deur sommige van hulle gedruk het, haar pad gedruk het.

81 En as jy ooit by Christus uitkom, sal jy jou pad na Hom toe moet oopdruk, want daar gaan allerhande soorte mense daar wees wat jou probeer terughou.

82 Maar sy was vasbeslote, so sy het haar pad oopgedruk, totdat sy die soom van Sy kleed aangeraak het, en toe sy Hom aangeraak het, gaan sy weer buite in die gehoor in waar die mense was, en het haar plek ingeneem. En Jesus, toe Hy daardie aanraking gevoel het, het Hy omgedraai en Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?" En almal van hulle het dit ontken; sy het dit ontken, want sy was bang.

En Petrus wou Hom bestraf, en hy het gesê: "Waarom sê U so-iets? Wel, die skare raak aan U, verdruk U!"

83 Maar Hy het gesê: "Ek merk dat daar krag van My uitgegaan het." Sy krag het Hom verlaat, Hom swak gemaak. En Hy het rondgekyk oor die gehoor totdat Hy gevind het waar die vrou was, en Hy het haar vertel van haar toestand, dat haar geloof haar gered het.

84 Nou, dis hoe daardie Hoëpriester opgetree het in die dae wat verby is toe Hy hier op aarde was. As Hy daardie selfde Hoëpriester is vanaand, is die enigste ding wat jy moet doen, om Hom aan te raak, en Hy sal optree op dieselfde manier wat Hy toe het, as jy Hom sal aanraak met daardie soort aanraking. Glo julle dit? Sekerlik, Hy sal.

85 Nou, hier's wat dit gedoen het: Nou, ons het die Gees ten dele, Christus het Dit ten volle gehad. Ons net, soos om 'n lepel water uit die oseaan te neem, Hy het die hele oseaan gehad, maar dieselfde chemikalieë wat in die—die lepelvol is, is in die hele oseaan, maar nie soveel daarvan nie.

86 So dis hoe 'n Christen is, ons is niks om met Hom te vergelyk nie, maar ons het 'n gedeelte van Sy Gees in ons, en dan tree Dit

op soos Hy. Dis wat ons mense laat liefhê, en mense laat probeer help, en goed doen, is as gevolg van daardie Gees van Christus in ons.

87 Nou, toe God Sy gawe wou gebruik, het Hy Jesus uitgeneem, en Hy het gesê: "Seun," op hierdie manier: "Lasarus, Jou vriend, gaan siek word en sterf, Ek gaan hom deur Jou oprig. Ek wil hê Jy moet weggaan en wegbly vir vier dae."

88 Jesus het nooit iets daaroor gesê, toe Hy teruggekom het en Lasarus opgewek het nie, het nie een ding gesê van swak word nie, het Hy? En Hy het 'n man uit die dood opgewek wat al vier dae dood was. Hoekom? God het Sy Eie gawe gebruik.

89 Maar 'n vroutjie met 'n bloedvloeïng het Hom aangeraak, en Hy het gesê: "Ek het swak geword." Wat was dit? Dit was die vrou wat God se gawe gebruik het. Sien, Jesus het geen visioen van haar gehad toe sy Hom aangeraak het nie, maar sy het geweet iets het gebeur, Hy het geweet iets het gebeur. Sien, die vrou het die krag van God deur die Seun van God getrek, dis waarom Hy swak geword het van daardie klein genesing, maar groot wonderwerke waar die Vader Hom gewys het, het Hy nie swak geword nie omdat God Sy gawe gebruik het, die vrou het Sy gawe gebruik, dit was die verskil.

90 Nou, hê julle geloof in God, moet niks betwyfel nie, maar glo in die Here Jesus Christus, elkeen van julle.

91 Dat julle wat nie 'n gebedskaartjie het nie, kyk julle hiernatoe, en sê: "Here, ek kan nie in die gebedsry inkom vanaand nie. Maar as U my net U kleed sal laat aanraak, en laat. . . As dit U Stem is wat deur daardie man daarbo praat, ek weet hy ken my nie, en as dit U is, Here, laat hom dan omdraai en vir my sê wat my probleem is." En kyk dan of Hy nie dieselfde Hoëpriester is nie.

92 Nou, onder in die ry, ons speel nie, of preek, of praat van visioene nie. Elkeen van julle moet dit onthou: dat die Engel van die Here, by my eerste ontmoeting, was die visioen nie om mense te genees nie, hy het gesê ek is gebore om vir siek mense te bid: "As jy hulle kan kry om jou te glo, en opreg sal wees wanneer jy bid, sal niks voor die gebed staan nie." Hoeveel het dit gelees, dit gehoor? Die opdrag is "Bid vir die mense."

93 Ek het nooit van daardie ou vinnige lyn gehou nie, jy lê net jou hande op hulle, laat hulle net deurspring soos daardie, ek kan dit nie sien nie, dis nie bid vir die mense nie. "Bid vir die mense."

94 Nou, dan as die salwing van die Heilige Gees hier is, en ons bid dan en vra God, dan hande op julle lê en vir julle bid soos julle verbygaan, glo julle julle sal gesond word? Glo julle, almal nou in die gebedsry, glo julle dit? Steek julle hande op as julle gewillig is om dit nou te aanvaar.

95 Net soos klein Ricky het. Hoe kon daardie kêreltjie enigiets van visioen weet? Sy vader het nooit eens vir 'n visioen gevra nie, hy het nooit iets gevra nie, ek het hom nooit niks gesê nie, Ek het net gegaan en hande op Ricky gelê. Dis reg, is dit nie, broer? Dis reg. En Ricky het gesond geword, omdat Jesus Christus die vader se geloof geëer het om ons gebed in te stuur, en sy seuntjie genees en hom lewendig aan hom teruggegee. Dank God daarvoor! Goed.

96 Nou, as jy daarbo sal kom, Billy, en die mense help. Nou, as hulle te kreupel is om op te kom en hulle het 'n gebedskaartjie, sal ons hulle hieronder sit sodat ek na hulle toe kan kom.

97 Nou, ek wil hê almal moet nou nie haastig wees nie, ons is in die diens van die Here. Nou, dit maak dit so moeilik, partymaal wanneer ek gaan bid vir siek mense in ouditoriums, en dinge, hulle, wel, het hulle my net nou op die platvorm opgeroep om te preek, en as ek verdaag het voor twaalfuur, dink hulle hulle is bedrieg. Maar wanneer ek hier in Kalifornië kom, verstaan ek dat julle almal huis toe gaan om agt-dertig, so verdra net 'n rukkie.

98 Paulus het hierdie selfde Evangelie heelnag lank gepreek, en iemand het uit 'n bo-vertrek venster uitgeval en homself doodgemaak, en Paulus het sy liggaam op hom gelê, hy het weer lewendig geword.

99 Baie van ons bly wakker en kyk die laat vertoning, ons gaan na danse en partytjies toe, en bly heelnag, "Maar as die prediker oor twintig minute gaan, sal ek nooit weer teruggaan nie." Sien dit? Ons hart is nie reg met God nie, ons—ons siel voed op iets anders behalwe God.

100 Nou hier is 'n dame om mee te begin. Nou, voor ek die gebedsry begin, laat ons net dit sê: Nou, as jy sonde in jou lewe het, af in hierdie gebedsry. . . Die rede waarom ek elke persoon goed nagegaan het, want enigiemand weet dat jy 'n gawe kan neem en jouself in die moeilikheid kan laat beland daarmee, ons is almal bewus daarvan. Moses het presies gedoen wat God vir hom gesê het om nie te doen nie, maar hy het dit gedoen, in elk geval, hy, God het vir hom gesê: "Gaan soontoe en praat met die Rots," en hy het die Rots geslaan, maar hy het in die moeilikheid beland by God.

101 Ek kon nooit glo dit was die gesindheid van die Heilige Gees, toe daardie kinders daardie jong profeet geterg het wat kaalkop was, Elisa, en gesê het: "Ou kaalkop, ou kaalkop, hoekom het jy nie opgegaan nie?" en hy het omgedraai en daardie kindertjies vervloek in die Naam van die Here, en twee wyfie-bere het twee-en-veertig klein, onskuldige kindertjies doodgemaak. Is dit reg? Dit klink nie na die gesindheid van die Heilige Gees nie, maar dit was 'n kwaai profeet; jy moet oppas.

102 Daarom, wat as God die duiwel 'n siekte op jou laat sit het om jou te dissiplineer? En dan kom daar 'n gawe, gooi 'n bietjie

olie op jou, en dryf daardie ding uit jou uit? Dan is hy in die moeilikheid by God. Sien?

103 So onthou, as jy onbelyde sonde in daardie ry het, gaan uit, want dit sal jou erger maak as wat jy was toe jy gekom het. Sien? Nou, sit ek dit reguit terug in julle skoot vanaand. Sien? Dis op julle as julle na die platvorm toe kom daarsonder, want ek gaan nie soek vir visioene nie, ek gaan bid soos julle almal wou hê ek moet. Is dit wat die kerk wou hê? Om te bid en hande op die siekes te lê, dis . . . Dan later deur die week, as julle wil teruggaan na die ander soort ry, goed. Dis die heeltyd hier.

104 Op die straat, hoeveel weet dit, mense op straat ontmoet, oral in die openbare lewe, en alles, en visioene sien gebeur, julle my daardie dinge hoor sê? Steek julle hande op oraloor die gebou, hulle wat dit weet. Sekerlik. Sien? Dis nie net in die kerk nie, dis tuis, op straat, oral.

105 Gaan in die straat af, en die Here sal sê: "Moenie *daarnatoe* gaan nie, gaan om hierdie ander hoek. 'n Man met 'n blou pak aan, wat daar staan en huil, gaan na sy huis toe, sy vrou is na aan die dood. Gaan lê jou hande op haar."

106 Ek sal vir die mense in die motor sê: "'n Man met 'n blou pak aan wat hieronder gaan wees, sy vrou lê in die bed. Wanneer jy in die huis ingaan, sal daar 'n sekere prent daar hang." Dis elke keer volmaak. Sien? Dit gebeur net enige plek.

107 Nou, sodat julle sal sien dat die Heilige Gees hier is: Hierdie vrou is 'n vreemdeling vir my. Is dit reg, dame? Ons ken mekaar nie, maar God ken ons wel albei. Nou, ek wil net jou aandag vir 'n oomblik hê. As die Heilige Gees aan my sal openbaar waarvoor jy hier staan, sal jy glo dit is God? Jy sal.

108 Hoeveel in die gehoor sal dit glo? En die res van julle, julle sal nie eers vereis, om 'n visioen te vra nie, julle glo dit net, in elk geval? Nou, hê net geloof.

109 Nou, die dame, ek . . . sy's . . . Ons is waarskynlik jare uitmekaar gebore, myle uitmekaar, en ek—ek het haar nog nooit tevore gesien nie, en ek reken hierdie is ons eerste ontmoeting, en dis net al wat daar is, ons staan net hier. Maar as die Here Jesus iets vir jou sou sê, ek weet nie wat Hy sou sê nie, maar iets wat jy weet waarvan ek niks weet nie, iets wat jy gedoen het, of iets wat jy beplan om te doen, of een of ander siekte, of een of ander probleem wat jy het, as Hy dit sou openbaar, sou jy weet dit sou deur een of ander krag moes kom.

110 Sou jy wees soos die moderne kerk van Jesus se tyd, sê dit was Beëlsebub, of sou jy soos die vrou by die put wees, gesê het: "Ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel"? Sou jy glo dit sou die Here wees? Want dis Sy belofte.

111 Die vrou is skynbaar 'n Christen, want haar gees voel welkom. As die gehoor nog steeds my stem kan hoor, tussen my en die vrou kom die Lig, daar gaan 'n visioen wees. Die vrou wag vir 'n operasie. Dit is waar. Glo jy God kan vir my sê watter soort operasie dit sou wees? Dis 'n galsteenoperasie. Dit is waar. Dis reg. En jy is bly, was bly oor iets toe jy hier opgestap het. Jy was bly, omdat jy in die gebedsry geroep is vanaand. Dis reg. Want jy het gebid vanmiddag voor jy gekom het dat hierdie jou aand sou wees, jy geroep sou word. Is dit reg?

112 Nou, jy weet ek was nie in die kamer by jou nie. En laat ek jou die rede vertel: Hierdie is die laaste aand wat jy hier kan wees. Jy kon nie terugkom nie. Dis reg. Sou dit jou in die verleentheid stel as ek vir die gehoor gesê het hoekom? As gevolg van busgeld. Dis reg. Jy hoef nie terug te kom nie, Jesus Christus maak jou gesond. Gaan nou huis toe. En die Here God gee vir ons suster hierdie versoek. God seën jou, suster.

113 Glo julle die Here Jesus Christus, die Seun van God? Nou wees net eerbiedig en ons sal bid.

114 Ek wil nie jou probleem weet nie, ek wil net hê jy moet kom sodat ek vir jou kan bid.

115 Dierbare Here, genees ons suster en maak haar gesond van wat ook al verkeerd is, in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, lê ek hande op haar, in die Naam van Jesus. Amen.

116 Gaan nou blymoedig, dank die Here.

My broer, glo jy die Here sal jou genees?

117 Is dit nie wonderlik nie? Glad nie 'n gedagte aan 'n visioen nie. Sien, dit het nou alles verbygegaan, dis weg. Nou hoeveel weet ek kon dit nie voorheen doen nie? Steek julle hande op, julle in my dienste was. Beslis nie. Nie 'n teken van 'n visioen nie. Sien?

Ek bid dat God hierdie, my broer genees, soos ek hande op hom lê, in die wete dat hy in die Teenwoordigheid van God staan, nie sy broer nie, maar in die Teenwoordigheid van God. Ek vra sy genesing, in Jesus' Naam. Amen.

God seën jou, broer.

Dierbare God, ek lê hande op my broer en bid dat U sy liggaam sal genees en hom sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou. Nou gaan jy blymoedig.

118 Almal, wanneer julle hier weggaan, as julle—as julle genees is, tree op asof julle genees is, as julle dit glo, tree op asof julle is. Gaan, en sê: "Dank U, Here, dis 'n voltooide werk, dis gedoen."

119 Wel, julle sê: "Dit was net daardie een—daardie een persoon wat al was wat dit was, dat. . . "

120 Dit is nie! Goed. Hier, is hierdie die—is hierdie die dame? Goed, dame, ek en jy is vreemdelinge, is ons? Goed. Jy het

my al voorheen gesien, maar ek ken jou nie, het geen idee wie jy is, wat jy is, of wat jy hier maak nie, dis reg. Is dit reg? Glo jy dat Jesus Christus vir my jou probleem kan vertel? Die eerste ding wat ek wil sê, dat jy tevore genees is. Dis reg. Jy's 'n vroueprediker. Um-hum. En jy ly nou aan 'n swakheid, senuweeagtig, vroueprobleem, en komplikasies. As dit reg is, steek jou hand op. Soos jy die laaste keer genees is, so word jy nou genees. Gaan van die platvorm af en word gesond gemaak, in die Naam van die Here Jesus.

Kom suster.

Here God, Ons Hemelse Vader, ek bid dat U hierdie dierbare siel sal seën en haar sal genees, soos ek my onwaardige hande op haar lê, in die Naam van U Heilige Seun, Jesus. Amen.

Gaan glo, net soos die pa vir klein Ricky gedoen het, en sal gesond gemaak word.

121 Glo jy? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy dat God jou probleem aan my kan openbaar? Dis senuweeagtigheid. Glo jy dat Hy jou sal genees? Met jou hele hart? Goed, meneer, dan kan jy teruggaan Oregon toe, gesond wees, na jou huis toe. Dis reg. Gaan blymoedig op jou pad. Amen. God seën jou.

Hemelse Vader, ek bid dat U hierdie dierbare vrou sal seën en haar sal gesond maak, deur Jesus' Naam. Amen.

Dierbare God, ek bid vir hierdie jong vrou dat U haar sal genees, in Jesus' Naam. Amen.

God seën ons broer, en soos ek my hande op hom lê, vra ek vir sy genesing, in die Naam van die Here Jesus. Amen.

122 Glo julle daarbuite? Almal wat guns by God gevind het, wat guns het, wat glo, moenie twyfel nie, maar glo met julle hele hart. Nou bly net in julle sitplekke, wees eerbiedig. Hoeveel daarbuite het nou nie enige gebedskaartjie nie, en wil hê God moet julle genees? Steek jou hand op. Dis reg. Hou net aan bid.

123 Glo jy, dame? Glo jy dat God vir my kan sê wat jou probleem is? As ek jou jou probleem sou vertel, sou dit jou beter laat voel? Net 'n tydjie met hierdie vrou, sodat julle—julle mense tevrede sal wees dat die Gees van God hier is, hierdie dinge doen.

124 Die vrou het probleme in haar kolon. Dis reg. Jy het 'n operasie gehad, het jy nie? As God vir my sou sê wie jy is, sou jy my glo? Goed, Mev. Snyder, jy kan huis toe gaan en gesond wees, in die Naam van die Here Jesus. Amen. As jy dit sal glo.

125 Nou, hê nou geloof in God. Moenie daarvoor gaan nie, sien, glo net dat God hier is.

Here, ek bid dat U die vrou sal genees en haar sal gesond maak, deur Jesus' Naam. Skenk dit, Here.

Kom broer.

O Here, ek bid dat U hom sal genees en hom sal gesond maak. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Aangename kennis?

Ek lê hande op hierdie, my suster, in die Naam van Jesus Christus, vir haar genesing. Amen.

['n Broer sê: "Hier's 'n glas water, broer. Reg agter jou is 'n glas water."—Red.] (Dis alles reg, broer.)

Dierbare God, ek bid vir ons broer, dat U hom die begeerte van sy hart sal gee, hom sal gesond maak. In Jesus' Naam. Amen.

Sal jy kom, suster?

Here, ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak, in die Naam van Jesus Christus.

Kom reguit vorentoe, suster.

Hê nou geloof, wees almal in gebed.

Here, ek bid vir ons suster, dat U haar sal gesond maak. In Jesus' Naam. Amen.

Kom nou, in geloof.

Here, ek bid dat U ons suster sal genees en haar sal gesond maak. In die Naam van Jesus. Amen.

Glo jy dat God haar sal genees?

Here, ek lê hande op haar en vra vir haar genesing. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën ons broer en maak hom gesond. In Jesus' Naam. Amen.

126 Glo julle? Sien, begryp julle dit, vriende? Nou, sien julle waarom my bediening, Broer David? Begryp jy dit? Sien, as jy. . .As hierdie mense dit sou begryp, sou hulle net soveel juig wanneer die hande opgelê word, as wat hulle sou met die visioen. Die visioen het niks daarmee te doen nie. Daardie ander mense. . .Wel, dis. . .As ek nie gedink het hulle gaan dit snap nie, sou ek—ek hulle stop. Sien? Dis net moeilik, sien, vir jou om óm te verander. Wel, as, ek glo as ek die Here gesien het, en ek was siek en het oor die platvorm geloop, party. . .en ek die Teenwoordigheid van die Here gesien het soos daardie, iemand vir my sou bid volgens die Skrifte, sou ek sê: "Dank U, Here! Amen. Dis verby." Dit sou al wees. Ek sou hier uitgaan verheug en gelukkig soos dit kon wees. O, hoe wonderlik!

127 Praat Engels? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? As God aan my sal openbaar wat jou probleem is, glo jy dat ek Sy dienskneg is?

128 Daardie gekleurde dame, wat daar reg agter sit met hoë bloeddruk, wat na my kyk, glo jy, suster, dat die Here Jesus jou gesond maak? Jy—jy het nie 'n gebedskaartjie nie, het jy? Het jy—jy 'n gebedskaartjie? Nee. Jy het dit nie nodig nie. Jou geloof het jou gesond gemaak.

129 Sien wat dit was? Sien, die dame, ek het ’n ander dame hier sien staan en hierdie vrou is, miskien, Spaans, en daar was ’n gekleurde dame wat hier bly verskyn het, groter, frisser, langer vrou, en ek het bly kyk, met daardie ding oor haar arm, en ek het omgekyk om te sien waar Dit was, en ek het gedink: “Waar is Dit?” En ek het daardie Engel van die Lig reg bokant die vrou sien staan, en ek het dit genoem. Dis hoekom dit was.

130 Wat het sy aangeraak? Wat het sy aangeraak? Ek het die vrou nog nooit in my lewe gesien nie. Sy sit daar sonder ’n gebedskaartjie om in die ry geroep te word, maar sy het gebid. As dit reg is, dame, wuif jou hand, die vrou wat pas genees is. Wuif jou hand daaragter as dit reg is, wat daar sit en bid. Dis reg. Sien? Glo julle, hê geloof.

131 Hier, dit het ’n ketting begin, hier is nog ’n gekleurde vrou wat hier reg voor my sit op die punt van die ry, reg hierbuite, wat ook bid. Ja, mevrou. Glo jy dat daardie maagprobleem verby is, hartprobleme verby is? Jy het hartprobleme en maagprobleme gehad. As dit reg is, wuif jou hand. Jy het ook gebid, jy’s genees. Het jy ’n gebedskaartjie? Jy het nie ’n gebedskaartjie nie. Nee, meneer, jy het nie een nodig nie, jou geloof maak jou gesond.

132 Nou, vra vir die dame. Die dame wat pas genees is net nou, jy het nie ’n gebedskaartjie nie, het jy, dame? Jy het nie ’n gebedskaartjie nie. Nee. Jy het net daar gesit en bid: “Here, laat dit ek wees.”

133 Daar het julle dit, en daar is sy genees. Wat het sy aangeraak? Die Hoëpriester. Geseënd sy die Naam van die Here, vir mense wat sal glo.

134 Nou, laat ons hierdie dametjie hier neem, laat ons dan die res van die mense reguit laat verbykom, want jy kan voel die effek word nou te veel, jy sien, dit begin net beweeg.

135 Die dametjie wat daar sit, na my kyk met haar hande op haar gesig daar aan die voorkant wat ly aan daardie brongitis, as sy sou glo! Het jy—jy ’n gebedskaartjie, dame? Jy’s nie in die gebedsry nie. Staan op as jy nie in die gebedsry is nie, staan op. Jy het brongitis gehad, het jy nie? Goed. Gaan huis toe en glo nou, Jesus Christus maak jou gesond. Dis reg.

136 Raak die soom van Sy kleed aan. Die vrou het my nooit aangeraak nie, nie een van hierdie mense het my aangeraak nie. Wat het hulle aangeraak? Hulle het die Hoëpriester, Jesus Christus, aangeraak, en Hy tree op net soos Hy toe het, net deur kanale van Sy Kerk. Sy geloof kom in die mense in, hulle kyk hiernatoe, dan spreek Hy, gebruik my stem. Ek kan jou nie sê wat ek vir die mense gesê het nie, ek weet nie, ek het geen manier om te weet nie, net deur die bandopnames en dinge. Maar Dis Jesus, die Seun van God, wat bewys dat Sy Koms naby is, dit kom nou nader. Mense moet regkom met God, die skeidingsmure afbreek, regkom, God glo. Ons tyd beweeg vinnig.

137 Nou, as die dametjie hier, hierdie een wat hier is, omdat ek pas 'n vertoning gemaak het van haar wat hier staan, en ek sou met haar praat, in elk geval, as ek nooit niks meer vir jou gesê het nie, sou jy in elk geval glo, sou jy nie? Goed. Maar siende dat hierdie ander dame, wat 'n gekleurde vrou was, Ethiopies, voor jou verskyn het, 'n Spaanse vrou, en haar geloof dit soontoe getrek het, sal ek net 'n oomblik met jou praat, sodat dit die Spaanse mense sal help. Daar was die Anglo-Sakse, nou daardie, en nou is jy Spaans; dit het waarskynlik die hele kerk hier vanaand geneem, om te glo.

138 Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, ons is vreemdelinge. Is dit reg? As dit is, steek jou hand op. Nou, dis vir julle Spaanse mense; dis vir jou die Ethiopiër; en daardie ander is vir die Anglo-Sakse, hierdie hier, die witmense. God is geen aannemer van ras of mense nie. Nee, meneer. Ons is almal gebore uit een bloed. Of ons nou wit, swart, geel, bruin is, ons kan vir mekaar 'n bloedoortapping gee omdat ons uit een bloed kom. Dis reg. Die lande waarin ons lewe, wat ons kleure verander het, het niks te doen gehad met ons bloed en lewe en ons Skepper nie, maar dat julle kan sien dat God nie mense, die volk, nasionaliteit, of kleure aanneem nie.

139 Jy wag vir 'n operasie, dit gaan meer as 'n operasie wees, jy's swanger. Nou, waarom ek dit gesê het, omdat sommige mag dink dit was 'n gewas, dit is nie. Maar jy moet ook nog 'n operasie hê, dis vir 'n breuk. Dis reg, is dit nie? En jy het 'n baba om gebore te word, en dit moet 'n keisersnee wees. Is dit waar? Steek jou hand op. Gaan, God gaan jou seën, en dit gaan reg wees. God seën ons suster.

140 Glo julle nou met julle hele hart? Wees nou net in gebed terwyl ons vir die res van hierdie mense bid.

Dierbare Vader, ek bid dat U hierdie vrou sal genees, en haar laat terugkom na hierdie kerk toe met blydskap . . . [Leë kol op band—Red.] . . . Jesus' Naam. Amen.

God, ek bid vir hierdie vrou en hierdie seuntjie, soos ek hande op hulle lê en U vra om te genees. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën julle albei.

God, ek bid vir die dametjie, dat U haar sal genees en hierdie aanvalle van haar sal wegneem, en mag sy hulle nooit weer hê nie. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

God, seën ons broer, en ek bid dat U hom sal genees en hom sal gesond maak, in die Naam van die Jesus Christus.

Dis die idee, broer.

Ek bid vir ons broer, en vra dat U hom sal gesond maak, Here. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kom, meneer.

Ek bid vir jou, my geliefde broer, lê hande op jou, volgens God se Woord. Ek vra, in Jesus' Naam, vir jou genesing. Amen.

Ek bid vir jou, my broer, en lê hande op jou, deur die salwing van die Heilige Gees wat nou naby is, vra ek vir jou genesing, in Jesus' Naam.

Ek lê my hande op hierdie, my broer, en ek vra dat, in Jesus Christus' Naam, dat hy gesond gemaak sal word. Amen.

Ek bid vir jou, my suster, en ek lê hande op jou en vra, in Jesus' Naam, dat jy gesond sal word. Amen.

Ek bid vir jou, my geliefde suster, en vra dat, in Jesus Christus' Naam, dat jy gesond sal word. Amen.

Ek bid vir jou, my suster, en ek vra dit, in die Naam van Jesus Christus, dat jy gesond gemaak sal word. Amen.

Ek bid vir jou, my broer, en ek vra dat, in die Naam van Jesus Christus, dat jy gesond sal word.

Ek bid vir jou, my broer, en ek vra dat, in die Naam van Jesus Christus, dat God jou sal gesond maak.

Ek bid vir jou, my broer, en ek vra dat, in die Naam van Jesus Christus, dat jy gesond gemaak sal word.

Ek bid vir jou, my suster, ek vra vir Jesus om jou gesond te maak. Amen.

Ek bid vir jou, my suster, en ek vra dat, in Jesus Christus' Naam, dat Hy jou sal gesond maak. Amen.

Dis die manier.

Ek bid vir jou, my suster, en ek vra dat, in Jesus Christus' Naam, dat jy gesond gemaak sal word. Amen.

Ek bid vir jou, my suster, en vra dat, in Jesus Christus' Naam, dat jy gesond gemaak sal word.

Ek bid vir jou, my suster, en ek vra dat, in die Naam van Jesus Christus, dat jy gesond sal word.

Nou glo nou.

Ek bid vir jou, my suster, en ek vra dat, deur Jesus Christus' Naam, die Seun van God, dat jy gesond sal wees.

Glo julle?

141 Deur die gesag van God se Bybel, die getuienis van die Heilige Gees, wat nou teenwoordig is, in die Kerk van die lewende God, wat nou saam met my bid vir hierdie siek mense, as die Kerk van die lewende God, daag ons die bose geeste van ongeloof uit om elke persoon te verlaat dat hulle gesond gemaak kan word, hierdie vrou nou genees mag word, deur Jesus' Naam. Amen.

Ek bid vir jou, suster, en ek vra dat, in die Naam van die Here Jesus, jy gesond gemaak sal word.

Ek bid vir jou, suster, en ek bid dat, in Jesus Christus' Naam, jy gesond gemaak sal word. God seën jou, suster.

Ek bid dat God Almagtig, deur Jesus Christus Sy Seun, jou sal gesond maak. Amen.

Ek bid vir jou, my suster, en vra dat, in die Naam van Jesus Christus, jy gesond gemaak sal word.

Ek bid vir jou, my suster, en vra dat, in die Naam van Jesus Christus, dat jy gesond gemaak sal word.

142 En ek mag stop en vir Ricky se pa daarbuite sê, daar was skaars meer gebed as daardie. Is dit reg, broer? Net 'n gebedjie. Dis omdat die vader geglo het, die manier wat God dit uitgewerk het dat ek veronderstel was om die een te wees wat vir Ricky gebid het. Sien, dis hoe julle dit behoort te glo vanaand. Julle het hiernatoe gekom, nie om gesien te word nie, julle is sterwend, party van julle, julle moet glo dat God dit gaan doen. Dis God wat dit doen.

Suster, ek bid vir jou, in die Naam van Jesus Christus, mag jy gesond gemaak word.

Ek bid vir jou, my suster, soos ek my hande op jou lê en vra, in Jesus' Naam, vir jou genesing.

En vir jou, my broer, bid ek dat Jesus Christus jou sal gesond maak.

En vir jou, my suster, bid ek dat Jesus Christus jou sal gesond maak. Amen.

143 Nou, in die Teenwoordigheid van God, ten aanskoue van hierdie geselskap, hierdie skare mense, en vir almal wat nie voor gebid is nie, en julle miskien nie kan terugkom nie, julle is hier, julle is gebind deur siekte, ek bid dat die God van die Hemel julle sal gesond maak. As julle net alles sal glo wat julle gesien het en glo om te wees . . .

144 Die man wat hier op 'n draagbaar lê . . .

59-0406 Nuwe Bediening (William Branham)
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org